#HoeNou?! – Episode 17: FEEKS

Oor feekse en rooikoppe

Wat is die woorde “feeks” en “helleveeg” se taboewaarde? Waar kom hulle vandaan? Neem mense aanstoot as hulle die woorde “rooikop” en “wortelkop” hoor?

Het jy geweet?

Die woord “lieplapper” (niksnut) het al in 1902 in Afrikaans in die *Patriotwoordeboek* verskyn.

Wat is ‘n vloekwoord?

Dit is ‘n woord wat bedoel is om te skok of te skaad en/of die effek het om te skok of te skaad.

Aanstootlikheidswaarde van woorde volgens die vloek.co.za/vloekmeter:

Feeks

Helleveeg / wortelkop / rooikop



Waar kom die woorde feeks (kwaai, bitsige, nydige vrou) en helleveeg vandaan?

- 1607 in die Nederlands – *feex* (boosaardige, lastige vrou). Eers in die 18e eeu gespel as *feeks*.
- Hoogduits – *feix* (onbeholpe mens). Ook gespel *veix*. Hou verband met *fachs* (grap) en *fäx* (grapmaker).
- Ongeveer 1300 VHJ: Protogermaans – *faihiso* (vrou wat bedrieg) – uit die adjektief **faih-* (vyandig) wat ook in die oorsprong van helleveeg lê.

Was 'n helleveeg dus 'n vyand uit die hel?

- Nee, "hel" is gebruik as versterking, net soos ons dit vandag nog kan gebruik:
    - Thomas, ek is geen expert maar vd rokke is hel lelik (VivA-KPE)
    - Hul gaan die lewe vir ons hel moeilik maak. (VivA-KPE)
    - Om te bedel is hel moeilik en nog in Engels is erger. (VivA-KPO)
    - helse pak slae, helse spoed, helse partytjie, ens.

BRON EN EIENDOMSREG: GERHARD VAN HUYSSTEEN EN SU-AN MÜLLER-MARAIS.